Verwysing: 20210701-4090
Lêerno.: 13/7/1/2
Navrae: M Combrink

Omsendbrief: 0040/2021
Vervaldatum: 31 Desember 2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat- en Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Kort opsomming: *Finale rooster en reëlings vir November 2021 se Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens.*

**Onderwerp: Finale rooster en reëlings vir November 2021 se Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens**

1. 'n Afskrif van die **finale** rooster (**Bylae A**) vir November 2021 se Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamens is ingesluit.

2. Volgens die rooster begin die eksamen amptelik op **Maandag, 01 November 2021** en eindig op **Dinsdag, 07 Desember 2021**.

3. U aandag word op die volgende belangrike veranderinge gevestig:

3.1 Geografie Vraestel 1 en Vraestel 2 is nou albei 3 uur lank en sal op afsonderlike dae geskryf word:
   a) Geografie Vraestel 1: Klimaat en weer, geomorfologie en kaartwerk.
   b) Geografie Vraestel 2: Landelike en stedelike nedersetting, ekonomiese geografie van Suid-Afrika en kaartwerk.

3.2 Alle Vraestel 3's van Huistaal is nou 3-uur lange vraestelle, vergeleke met die vorige 2½ uur.

3.3 'n Derde vraestel is tot alle Tweede Addisionele Tale bygevoeg – dit is slegs van toepassing op amptelike tale. Die duur van hierdie Vraestel 3's van Tweede Addisionele Tale is 2½ uur. Die vraestelle vir nie-amptelike Tweede Addisionele Tale sal steeds twee vraestelle bly.

3.4 Mariene Wetenskappe (Vraestel 1 en Vraestel 2) word vir die eerste keer op graad 12-vlak gebied.

4. Die algemene assesseringstaak (AAT) vir Lewensoriëntering (LO) sal op **Maandag, 06 September 2021** geskryf word.

5. Die Rekenaartoepassingstegnologie (RTT) se Vraestel 1 en Inligtingstegnologie (IT) se Vraestel 1 praktiese eksamens sal voor die amptelike begin van die eksamens op **19 en 20 Oktober 2021** onderskeidelik geskryf word.

6. Twee eksamensessies word vir elke dag beplan. Die oggendsessie sal om 09:00 begin en die middagsessie om 14:00.

7. Prinsipale moet alle voltydse kandidate wat die eksamens gaan skryf, inlig dat hulle hulle skooldrag moet dra tydens elke eksamen wat hulle aflê. Kandidate moet tot op die laaste dag van die skoolkwartaal (10 Desember 2021) beskikbaar wees ingeval dit, om watter rede ookal, nodig is om die aflê van 'n besondere eksamenvraestel te herskeduleer.

8. COVID-19-protokolle, wat die volgende insluit, moet gedurende die eksamens deurgaans gehandhaaf word:
   a) behou 'n sosiale afstand van 1,2 meter;
   b) kandidate en amptenare moet maskers dra;
   c) sifting; en
   d) reiniging.

9. Let asseblief daarop dat die datums wat vir die voorbereidende eksamen aanbeveel word vanaf **13 September tot 01 Oktober 2021** is.

10. Gewone klasse moet tot **Vrydag, 22 Oktober 2021** voortgaan om so veel as moontlike onderrigtyd te verseker.

11. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle kandidate wat van plan is om die NSS-eksamens in November 2021 af te lê.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2021-07-08